BREEK NUWE GROND

Senwes

TUSSENTYDSE RESULTATE OKTOBER 2009

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

NETTO WINS
NA BELASTING

R147 m



WESENSVERDIENSTE
PER AANDEEL

81 sent



EIE KAPITAAL VERHOUDING
EKWITEIT ÷ TOTALE BATES

42%



INKOMSTE
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE

R4,7 miljard



BELANGRIKE PUNTE

- Goeie volumes graan ontvang in silo opbergingstrukture
- Meganisasie besigheid skaal af maar lewer steeds belangrike bydrae tot winslyn
- Produsente verkoop traag aan die oes weens lae graanpryse
- Produksiekrediet raak matig agterstallig maar is goed versekureer
- Nuwe seisoen insette verkope traag maar toon meer momentum na verslagdoeningsdatum

SEGMENTE SE RESULTATE – VOOR BELASTING

MARKTOEGANG

R169 m



INSET-VERSKAFFING

R68 m



KREDIET-VERSKAFFING

R38 m



BEDRYFSOORSIG

PROFIEL

Senwes is 'n landboubesigheid wat fokus op die verskaffing van produksie-insette en marktoegang aan hoofsaaklik graanprodusente. Waardetoevoegende dienste soos die verskaffing van finansiering, versekering en landboukundige dienste word ook ingesluit by die kern portefeulje. Sake word hoofsaaklik in die Vrystaat, Noordwes, Gauteng en Noord-Kaap bedryf asook internasionaal in die SAOG-streek en Oos-Afrika. Die maatskappy is geverifieer as 'n vlak ses bydraer tot SEB.

BESIGHEIDSOORSIG

Landbou- en besigheidstoestande het gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar teruggekeer na meer normale vlakke na die abnormaal gunstige toestande van die vorige jaar. Kommoditeitspryse was onder druk en produsente het oor die algemeen die verkoop van graan uitgestel in afwagting op moontlike prysverhogings. Ten einde produsente die geleentheid te bied is uitstelreëlings in plek gestel wat tot gevolg gehad het dat produksieskuld matig agterstallig geraak het. Produsente se vermoë om vroeë aankope van insette vir die volgende plantseisoen te doen is daardeur beperk wat 'n negatiewe impak op die insetbesigheid gehad het. Beide omsette en netto resultate het 'n daling getoon teenoor die vorige tydperk. Gegewe die heersende ekonomiese toestande is die direksie egter tevrede dat aanvaarbare resultate gelewer is.

Totale inkomste het R4,7 miljard beloop teenoor R6,7 miljard gedurende die vorige tydperk (30%-daling) terwyl die netto wins na belasting R147 miljoen beloop teenoor die vergelykende syfer van R173 miljoen wat 'n 15% afname verteenwoordig. Verdienste per aandeel het 81 sent beloop teenoor verlede jaar se 95 sent.

Winste is teruggeploeg in 'n toename in debiteure en voorraad terwyl 'n gesonde balansstaatstruktuur steeds gehandhaaf is. Eie kapitaal verhouding het vanaf 39% verbeter na 42%. Bedryfswins voor depresiasie dek finansieringskoste 7,1 maal en netto batewaarde van aandele het gestyg vanaf die vorige jaareinde se R6,23 na R6,77.

Die verhoogde belegging in bedryfskapitaal en spandering op kapitaaluitgawes het negatiewe kontantvloei van R162 miljoen tot gevolg gehad vergeleke met R148 miljoen positiewe kontantvloei gedurende die vorige tydperk. Die twee jare se sesmaande siklusse het verskil deurdat investering gedurende die vorige jaar in die tweede helfte voorgekom het terwyl dit vanjaar reeds vroeër vereis is.

INSETVERSKAFFING (*SENWES VILLAGE*)

Goeie netto winsbydrae is deur meganisasieverkope gelewer ten spyte van 'n daling in omset van ongeveer 30% op die vorige jaar. Die verkope van direkte grootmaatinsette het gesloer weens lae kommoditeitspryse en onsekere markomstandighede. Markaandeel is gehandhaaf en na onlangse

matige reënval het hierdie besigheidseenheid meer momentum begin toon. Opgradering van verskeie winkels het omsette binne kleinhandelswinkels positief beïnvloed. Die opgraderingsprogram word voortgesit. Die netto resultaat van hierdie segment van die besigheid het R68 miljoen wins voor belasting opgelewer vergeleke met R92 miljoen in die vorige jaar.

MARKTOEGANG (*SENWES GRAINLINK*)

Goeie oesopbrengste van produsente het hoë volumes graanlewerings tot gevolg gehad. Graanopberging en bemarking het 'n netto wins van R169 miljoen getoon teenoor R180 miljoen in die vorige tydperk. Plaaslike bemarking en veral graanuitvoere is gekniehalter deur stadige verkope deur produsente wat teruggehou het met die hoop op beter pryse. Hierdie toestand kan omkeer gedurende die tweede helfte van die jaar.

KREDIETVERSKAFFING (*SENWES CREDIT*)

Die gehalte van uitstaande krediet is oor tyd verbeter, beide ten opsigte van kategorie en versekurering. Stadiger bemarking deur produsente het uitstelreëlings vereis wat 'n matige veroudering in die skuld met die draai van die seisoen tot gevolg gehad het. Die direksie is tevrede met die groei in die boek en dat die agterstallige komponent tydelik van aard is. Beter marges het gerealiseer en die segment het 'n netto wins van R38 miljoen opgelewer teenoor R24 miljoen gedurende die vorige tydperk.

PROGNOSE

Die direksie is optimisties oor die volgende ses maande. Matige reënval het voorgekom by aanvang van die somergraan plantseisoen wat momentum begin gee het aan die insetbesigheid wat tot dusver gekortwiek was. Dit het egter intussen matig getaan soos wat reënval begin daal het. Goeie voornemens vir aanplantings is gerapporteer ten spyte van negatiewe sienings oor verwagte weerpatrone.

DIVIDEND

'n Normale interim dividend van 25 sent per aandeel (2008: 15 sent) is verklaar tesame met 'n addisionele spesiale dividend van 100 sent per aandeel (2008: nul) wat die totale dividend op 125 sent per aandeel te staan bring. Dividende sal op ongeveer 18 Desember 2009 aan aandeelhouers betaal word wat in die aandeelregister geregistreer is op 4 Desember 2009.

Met volmag van die direksie

JE Grobler
Voorsitter

JJ Dique
Besturende Direkteur

SH Alberts
Direkteur: Finansies

4 Desember 2009

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	% verandering	6 maande geëindig 31 Oktober 2009 Ongeouditeer R'm	6 maande geëindig 31 Oktober 2008 Ongeouditeer R'm	12 maande geëindig 30 April 2009 Geouditeer R'm
Inkomste	- 29,7%	**4 694**	6 678	11 157
Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie	- 19,7%	**265**	330	678
Depresiasie		**(18)**	(13)	(30)
Bedryfswins voor finansierings-koste	- 22,1%	**247**	317	648
Finansieringskoste		**(38)**	(74)	(126)
Wins na finansieringskoste	- 14,0%	**209**	243	522
Beleggingsinkomste		**-**	2	4
Wins voor belasting	- 14,7%	**209**	245	526
Wins vanuit geassosieerdes		**4**	-	-
Netto wins voor belasting		**213**	245	526
Belasting		**(66)**	(72)	(158)
Netto wins vir die tydperk	- 15,0%	**147**	173	368
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers		**147**	172	367
Minderheidsbelang		**-**	1	1
		147	173	368
Rekonsiliasie: Wesensverdienste				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers		**147**	172	367
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		**-**	-	(1)
Voorsiening van surplusverdeling op pensioenfonds		**-**	-	(22)
Wesensverdienste	- 14,5%	**147**	172	344
Geweegde gemiddelde getal aandele uitgereik ('000)		**180 789**	180 789	180 789
Verdienste per aandeel (sent)	- 14,5%	**81,3**	95,1	203,0
Wesensverdienste per aandeel (sent)		**81,3**	95,1	190,3
Interim dividend per aandeel (sent)	> 100%	**125,0**	**15,0**	**32,0**
Normaal		**25,0**	15,0	15,0
Spesiaal		**100,0**	-	17,0
Finale dividend per aandeel (sent)		**-**	-	30,0
Totale dividend per aandeel (sent)		**125,0**	**15,0**	**62,0**
Netto batewaarde per aandeel (sent)	+ 23,5%	**677**	548	623

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	% verandering	6 maande geëindig 31 Oktober 2009 Ongeouditeer R'm	6 maande geëindig 31 Oktober 2008 Ongeouditeer R'm	12 maande geëindig 30 April 2009 Geouditeer R'm
Netto wins vir die tydperk	- 15,0%	**147**	173	368
Ander omvattende inkomste				
Nabelaste billike waarde aanpassings op bates gehou vir verkoop		**4**	1	-
Totale omvattende inkomste netto na belasting	- 13,2%	**151**	174	368
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers		**151**	173	367
Minderheidsbelang		**-**	1	1

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Soos op 31 Oktober		Soos op 30 April
	2009 Onge-ouditeer R'm	2008 Onge-ouditeer R'm	2009 Geou-ditеer R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**232**	209	222
Finansiële bates	**13**	5	5
Termyn debiteure	**175**	115	140
Uitgestelde belasting	**43**	62	66
	463	391	433
Bedryfsbates			
Voorraad	**1 123**	748	619
Handels- en ander debiteure	**1 074**	971	1 289
Agentskapsgraandebiteure	**220**	240	162
Kontant en kontantekwivalente	**10**	162	-
	2 427	2 121	2 070
Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**-**	1	-
Totale bates	**2 890**	2 513	2 503
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Kapitaal en reserwes			
Aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**67**	67	67
Nie-verdeelbare reserwe	**43**	62	66
Behoue inkomste	**1 112**	859	992
	1 223	989	1 126
Minderheidsbelang	**-**	1	-
	1 223	990	1 126
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende langtermynlenings	**350**	350	350
Langtermyn werknemer voordele	**10**	4	7
Aftreevoordele – verpligting voorsien	**77**	86	75
	437	440	432
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure	**637**	603	468
Rentedraende korttermynlenings	**467**	388	335
Lenings vanaf verwante partye	**73**	44	33
Voorsienings	**53**	48	109
	1 230	1 083	945
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**2 890**	2 513	2 503

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	2009 Onge-ouditeer R'm	2008 Onge-ouditeer R'm	2009 Geou-diteer R'm
Kontant deur bedryfsaktiwiteite gegenereer	**322**	383	744
Beleggingsinkomste	**-**	2	4
Belasting betaal	**(45)**	(41)	(148)
Finansieringskoste betaal	**(38)**	(74)	(126)
Kontantwins	**239**	270	474
Dividende betaal	**(53)**	(25)	(83)
Verhoging in bedryfskapitaal	**(308)**	(64)	(290)
Kontantvloei uit bedrywighede	**(122)**	181	101
Netto kontantvloei uit langtermyn beleggingsaktiwiteite	**(40)**	(33)	(55)
Netto kontantvloei	**(162)**	148	46
Netto kontantvloei uit langtermyn finansieringsaktiwiteite	**-**	351	354
Netto (afname)/toename in kontant beskikbaar	**(162)**	499	400
Netto korttermynlenings en kontant aan begin van tydperk	**(368)**	(768)	(768)
Netto korttermynlenings en kontant aan einde van tydperk	**(530)**	(269)	(368)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Uit-gereikte aandele-kapitaal	Nie-verdeel-bare reserwe	Behoue inkomste	Minder-heids-belang	Totaal
	R'm	**R'm**	**R'm**	**R'm**	**R'm**
Saldo 30 April 2009 (Geouditeer)	68	66	992	-	1 126
Netto wins	-	-	147	-	147
Oordrag vanaf nie-verdeel-bare reserwe	-	(23)	23	-	-
Dividende betaal	-	-	(54)	-	(54)
Billike waarde aanpassing	-	-	4	-	4
Saldo 31 Oktober 2009 (Ongeouditeer)	**68**	**43**	**1 112**	**-**	**1 223**
Saldo 30 April 2008 (Geouditeer)	68	67	706	2	843
Netto wins	-	-	172	1	173
Oordrag vanaf nie-verdeel-bare reserwe	-	(5)	5	-	-
Dividende betaal	-	-	(25)	(2)	(27)
Billike waarde aanpassing	-	-	1	-	1
Saldo 31 Oktober 2008 (Ongeouditeer)	68	62	859	1	990

AANTEKENINGE TOT DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE RESULTATE

1. REKENINGKUNDIGE BELEID EN AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die Senwes Groep se finansiële state is opgestel volgens en voldoen aan die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Die finansiële state voldoen ook aan IAS 34 (Tussentydse Finansiële Verslagdoening) en tersaaklike wetsartikels van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 1973, soos gewysig. Die rekeningkundige beleid en aanbiedingsgrondslag is konsekwent toegepas met die van die vorige jare.

2. AANKOPE EN VERVREEMDING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Gedurende die ses maande tot 31 Oktober 2009 het die Groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R30 miljoen aangekoop en R2 miljoen is vervreem.

3. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

3.1 Senwesbel en RBF Konsortium

Die direksies van Senwesbel Bpk (39,2% aandeelhouding) en RBF Konsortium (34,7% aandeelhouding) oefen beduidende invloed uit oor die beheer van die Maatskappy. Dividende van onderskeidelik R21,1 miljoen en R18,8 miljoen is gedurende die tussentydperk aan Senwesbel en RBF betaal. Rente van R1,2 miljoen is ook in hierdie tydperk aan Senwesbel betaal op die leningsrekening aan Senwes.

3.2 Handelsdebiteure – direkteure

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekenings sowel as ander rekenings waarvoor klante van die Maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoers op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die Maatskappy.

Op 31 Oktober 2009 het die direkteure die Groep R10,6 miljoen op bogenoemde rekenings geskuld. Dit is verskans ingevolge die kredietbeleid deur toepaslike sekuriteit.

AANTEKENINGE TOT DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE RESULTATE (VERVOLG)

4. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

'n Saak van beweerde onmededingende praktyke is deur 'n graanhandelaar teen Senwes by die Mededingingskommissie aanhangig gemaak.

Senwes het die klagtes ontken. Die verhoor daarvan is afgehandel en Senwes is onskuldig bevind aan die klagtes wat in die aanklag vervat was. Senwes is egter skuldig bevind aan die toepassing van margedruk wat gesien is as onmededingend teenoor ander handelaars, ongeag die feit dat die aanklag nie by die klagstaat ingesluit was nie. Die beslissing het geen boete implikasie gehad nie.

Senwes het appèl aangeteken na die Mededingings Appèlhof welke appèl met koste van die hand gewys is. Senwes het sedertdien verlof gevra om na die Hoër Appèlhof te appèlleer. Sodanige appèl het geen addisionele risiko vir Senwes nie, behalwe regskostes wat aangegaan sal word.

5. KAPITALE VERPLIGTINGE

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R28 miljoen en sal gefinansier word uit kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite terwyl R27 miljoen deur die direksie gemagtig is, maar nog nie gekontrakteer is nie.

6. SEGMENTONTLEDING

		Segmentinkomste		
		6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	% veran -dering	**2009 Onge-ouditeer R'm**	2008 Onge-ouditeer R'm	2009 Geou-ditеer R'm
Kredietverskaffing	**+ 25%**	**86**	69	161
Insetverskaffing	**- 13%**	**1 118**	1 289	2 208
Marktoegang	**- 35%**	**3 465**	5 292	8 723
Diverse bedrywe	**- 8%**	**23**	25	48
Normale bedryfsaktiwiteite	**- 30%**	**4 692**	6 675	11 140
Nie-toedeelbaar en Korporatief		**2**	3	17
Beleggingsinkomste		**-**	-	-
Totale inkomste		**4 694**	6 678	11 157
Wins voor belasting				
Belasting				
Wins na belasting				
Minderheidsbelang				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers				

KORPORATIEWE INLIGTING

SENWES BPK
Registrasienommer 1997/005336/06

DIREKTEURE
JE Grobler (Voorsitter), JDM Minnaar (Ondervoorsitter), JJ Dique (Besturende Direkteur), SH Alberts (Direkteur: Finansies), F Strydom (Direkteur: Bedryf), JPL Alberts, JA Boggenpoel, JBH Botha, JAE Els, AJ Kruger, NDP Liebenberg, J Mashike, M Pooe* en WH van Zyl.
**Alternatiewe direkteur: LM Ndala.*

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571
Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7800

OORDRAGSEKRETARISSE
Die Maatskappysekretaris
Posadres: P/a Die Sekretaris, Senwes Beperk, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7104

AANDELEVERHANDELINGSKAMER
Senwes Verhandelingskamer
Posadres: Die Sekretaris, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7105

www.senwes.co.za

	Segmentresultaat		
	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
% verandering	**2009 Ongeouditeer R'm**	2008 Ongeouditeer R'm	2009 Geouditeer R'm
+ 58%	**38**	24	68
- 26%	**68**	92	138
- 6%	**169**	180	349
-	**4**	4	4
- 7%	**279**	300	559
	(66)	(57)	(37)
	-	2	4
	213	245	526
	(66)	(72)	(158)
	147	173	368
	-	(1)	(1)
	147	172	367

www.infoworks.bz

Senwes